Bybelse klag

Marius J. Nel

Omskrywing

Die verskil tussen kerm en klag (lamenteer)

- Anders as rou en woede in die algemeen, is die kern van klag dat dit inderwaarheid ’n gebed gerig aan God is
- Dit veronderstel 'n verbondsverhouding

- Lament depends on the idea that attacks from enemies, illness, and so forth are not merely wrong in a general sense, but that they violate something about this relationship with this particular God; suffering disrupts God's promises to be a faithful God to this people and to bring salvation to them (Eklund 2015:7-8).

God se trou

- Onderliggend aan klag is die vrees dat God dalk nie getrou is aan sy beloftes nie
- Dit is anders as om te sê dat die wêreld 'n harde plek is
- As gelowiges het ons nie ’n plan B nie

Tegniese opmerkings

Die bydrae van vormkritiek

- Die oorsprong van klag lê in die OT
- Vorm ’n unieke genre: die klaagpsalms (grootse groep Psalms)
  - Hermann Gunkel (1933)
  - Claus Westermann (1981)
- Onderliggende gedagte aan Vormkritiek: woorde wat herhaaldelik gebruik word ontwikkel 'n bepaalde vorm en selfs genre
- Ander voorbeelde: Jeremia 14; Jesaja 63:7-64:12; Habakuk 1

Twee tipes klaagpsalms

- Klaagpsalms word gewoonlik in twee groepe verdeel. In klaagliedere van ’n enkeling worstel ’n individuele gelowige met God. ’n “Ek”-figuur is aan die woord. Voorbeelde van sulke liedere is Psalm 3, 6, 7, 13, 22, 38, 39, 42, 51, 61, 63, 86, 102, 130.
- In klaagliedere van die volk bekla ’n digter die nood van die volk by God. ’n “Ons”-figuur is aan die woord. Voorbeelde van sulke psalms is Psalm 44, 60, 74, 79, 80 en 83

W. Vosloo and F. J. van Rensburg

Die elemente van die klaagpsalms

- Begin met 'n direkte aanroep van God
- Omskrywing van die probleem (God, ander, jouself)
- Belydenis van skuld of beroep op onskuld
- Rede waarom God moet ingryp (sy verbondstrou en liefde)
- Versoek aan God om hulp
- Vloekspreuk teen die vyand
- Belydenis van vertroue dat God sal hoor
- Eed aan God

Voorbeeld

Psalm 22

Vir die koorleier: op die wysie van “Die wildsbok van die daeraad”. ’n Psalm van Dawid.

[2]My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?

[3]My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie.

[4]U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink!

[5]Op U het ons voorvaders vertrou.

Hulle het vertrou en U het hulle gered.

[6]Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie.

[7]Maar ek is ’n wurm, nie ’n mens nie.

Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag.

[8]Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my tong uit en knik
met voldoening die kop en sê: [9]“Laat dit aan die Here oor!

Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry as Hy dan so baie van hom
hou.”

[10]U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan
die bors van my moeder.

[11]Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my
lewe af is U my God.

12Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie.

13’n Wreedaardige klomp mense het my omsingel, soos beeste uit Basan staan hulle my toe.

14Soos verskeurende, brullende leeus storm hulle met oop bekke op my af.

15Ek is soos uitgestorte water, al my bene het uitmekaar geval,

my hart het soos was geword, dit smelt weg in my.

16Ek is so min werd soos ’n potskerf, my tong kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek dood is.

17Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op
my toe, hulle bind my hande en voete vas.

18Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met
leedvermaak.

19Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my
mantel.

20En U, Here- moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag,
help my tog gou!

21Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die
honde.

22Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die
wilde beeste uit.

U het my gebed verhoor!

[23]Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys. [24]Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob!

Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel!

[25]Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie,

Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.

[26]My loflied in die volle vergadering kom van Hom af,

my geloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien.

[27]By dié offermaaltyd sal die armes genoeg hê om te eet, en sal dié

wat na die wil van die Here vra, Hom prys. Mag hulle lank en gelukkig lewe.

[28]Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer.

Alle volke sal Hom as koning erken, [29]want die koningskap behoort aan die Here; Hy heers oor die volke.

[30]Al die rykes van die wêreld sal ook aan dié maaltyd deelneem

en Hom as koning erken, ja, alle mense, sterflik en verganklik, sal voor Hom kniel.

[31]Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here vertel aan die volgende geslag.

[32]Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen.

Nuwe Testament
Teologiese skuif

Die verdwyning van klag

- Veral in die Evangeliese tradisie loof ons dikwels net vir God
- Brueggemann wys daarop dat die verlies van klag lei tot "a loss of genuine covenant interaction, since the second party to the covenant (the petitioner)... Is permitted to speak only praise and doxology.“
- Die voorkoms van klag neem reeds af in die NT (volharding word 'n prominente tema)

Klag in die Nuwe Testament

- Waar dit wel voorkom is dit gekonsentreer in die lydensverhaal van Jesus
- Ander voorbeelde: Openbaring 6 (die klag van die martelare)
- Daar is verwysings na klag sonder om die inhoud daarvan te gee; fragmente van klag; sinspelings en eggo's
- Jesus beliggaam ook dikwels die liggaamshouding van klag
- In die Evangelies is klag dikwels aan Jesus gerig (Christologies belangrik)

Klag in die Nuwe Testament

- Die Nuwe Testament benut en wysig die Ou Testament klag tradisie
- Die meeste van die Psalms wat Jesus bid is klaagpalms
  - Jesus herformuleer die oproep om die uitwissing van vyande in die Psalms

Jesus en die beker

- Vir die eerste keer is Jesus onseker oor sy roeping
- Psalm 22 – Waar die Psalm begin met 'n uitroep van verlatenheid en eindig met 'n belydenis van vertroue, keer Jesus die verloop om.
- Jesus verbind Hom hiermee aan alle mense (klaagpsalms is ten diepste nie die gebede van individue alleen nie).
- Vervul die klag van die Ou Testament.
- Verskerp dit - klag staan nou tussen die opstanding van Jesus en die voleinding

Die opstanding van Jesus as wentelpunt

- Ons leef in die spanning tussen die alreeds en die nog nie
- Ons eskatologiese hoop staan nie teenoor klag nie, dit is die teologiese basies daarvoor (Martin Ebner)
- Só weet Jesus van sy komende opstanding (Markus 8:31; 9:31); maar lamenteer steeds (Markus 15:34)
- Ons het ’n nuwe eskatologiese horison

Wat is ons diepste hoop?

Liggaamlike opwekking / opstanding

- Dit is ’n uniek Christelike belydenis
- Nie net lewe na die dood nie (jou siel is onsterflik)
- Eerder lewe na lewe na die dood (getransformeerde, beliggaamde lewe na die opstanding van alle vlees)
- Die Goeie nuus is nie net Lukas 23:46 ”Vader in u hande gee ek my Gees oor nie.” [Ps 31:6]

NT Wright – Lewe, na lewe, na die dood



Die opstanding as omgekeerde metafoor

Die praktyk

Doel

- Klag het meer as 'n terapeutiese funksie
- Dit verwoord ’n verwagting dat God sal handel
- Staan teenoor 'n moralistiese, terapeutiese, deïstiese Godsbegrip
- Dit moet ons beweeg om ander se klag te hoor
- Klag teenoor verduidelik en verklaar

Liturgiese ontwikkeling

- Ons benodig 'n liturgie / gebed tussen menslike lyding en God waardeur die wat ly God kan aanroep.
- Is die nagmaal die antwoord op 'n veronderstelde klaagpsalm (Bayer)?
- Wat sing, lees en bid ons?

Die vlugtigheid van die hoop